AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Departementshoof:* BIOLOGIESE EN OMGEWINGSWETENSKAPPE

PRETORIA OF PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ’n pos vir ’n departementshoof: Biologiese en Omgewingswetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar. Die pos kan in Pretoria of die Paarl gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

’n Departementshoof is verantwoordelik vir die akkreditering, uitbouing, bestuur en die oorhoofse toesig van programme binne ’n bepaalde departement se vakgebied(e). Verder is die departementshoof verantwoordelik daarvoor om sterk akademiese leierskap te toon en te bevorder in sy/haar departement. Die departementshoof moet die dekaan van ’n bepaalde fakulteit ondersteun in die uitvoering van strategieë binne die fakulteit.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Vestig betrokke dissiplines in die departement strategies binne Akademia en in die breër hoëronderwysgemeenskap.
- Vorm die departement om toekomsgerig te wees met dissiplines wat insluit genetika, dierkunde, plantkunde, landbou, mikrobiologie, biochemie en aardkunde.
- Bestuur akademiese inhoude van programme soos hier bo vermeld, onderrig- en leerprosesse asook leerervaringe van studente.
- Verseker akademici se betrokkenheid by gehaltegedrewe en dissiplinespesifieke navorsing.
- Verseker dat daar aan die standaard-operasionele prosedures asook die beleide en standaarde van die instelling voldoen word.
- Berei voorkomings- en korrektiewe aksieplanne voor in geval van risiko’s wat met departementele aktiwiteite en bestuur verband hou.
- Fasiliteer en ondersteun gemeenskapsdeelname in die fakulteit met die doel om professionele netwerke vir Akademia te bevorder.
- Beplan en bestuur, in samewerking met die dekaan en die betrokke afdeling(s), prosesse van Personeel en Ontwikkeling, soos dissiplinêre prosesse, opleiding, werwing, ens.
- Kweek ’n gehaltegeoriënteerde klimaat in samewerking met die betrokke dekaan.

## POSVEREISTES

- ’n PhD-kwalifikasie in een van die deeldissiplines in Biologiese en Omgewingswetenskappe wat insluit Genetika, Dierkunde, Plantkunde, Landbou, Mikrobiologie, Biochemie en Aardkunde
- kennis van Akademia en die hoëronderwysomgewing in die algemeen
- vyf jaar se hoëronderwyservaring met bewese bestuurservaring
- kennis van die elektroniese onderrig- en leeromgewing

Kandidate wat oor ’n meestersgraad beskik, kan oorweeg word, mits die kandidaat voldoen aan die res van die vereistes gestel en oor besondere bestuursvaardighede en bekwaamhede vir so ’n bestuurspos beskik.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.




Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

## VAARDIGHEDE

- uitstekende leierskaps- en bestuursvaardighede
- die vermoë om konstruktief met mense om te gaan
- uitstekende kommunikasievaardighede, interpersoonlike en konflikhanteringsvaardighede
- 'n opvoedingsingesteldheid
- die vermoë om mededingende eise te hanteer
- buigsaam en aanpasbaar by veranderende omstandighede
- die vermoë om prosesse te ontwikkel en te implementeer
- inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe
- positiewe ingesteldheid met dryfkrag, motivering en inisiatief
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 25 Maart 2026 ingedien word.** Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.